

# Herald Sport

## Stan en Jan was honger vir KFC

*Geldpot dra weer oor*

**G**ary Player, een van gholfe se wêreld-ikone is bekend vir sy gesegde wat lui - hoe meer jy oefen hoe gelukkiger word jy. Daar is ook gesê dat KFC-stigter Kolonel Sanders 1009 keer afgekeur is voordat hy 'n belegger vir sy hoenderresep gekry het.

Gone With the Wind is deur 38 uitgewers verwerp. Volgens die legende is Walt Disney 302 keer afgekeur voordat hy uiteindelik finansiering kry vir sy droom om Walt Disney World te skep.

Stanley Khondlo en Jan Mbongo het Saterdag die regte resep gehad in die KFC-dag. Hulle wen met 75 punte, 9 meer as Johan Weilbach en Niklaas van der Walt wat tweede eindig op 66. Abrie Watson en Jacques van Rooyen was derde met 64 en Jackie Leonard en Wiam Rautenbach vierde met 64. Wiam het ook baanrekord vir die meeste houpe op die laaste putjie vebeter na 24 houpe toe.

Daar is ook vir die die HBA (Heilbron Abattoir) Maandbeker gespeel, Stanley wen dit met 'n 68 netto.

Die volgende borgdag word deur die APK kerk aangebied op 14 April. Koste is R260 en spel formaat is 'n *Best Drive Betterball*.

Die klub sal Goeie Vrydag gesluit wees die *draw* is Donderdagaand en staan steeds op R3 000. Vetkoek en maalvleis is op die spyskaart vir R15. Gewone spel Saterdag vanaf 11:30 en baan is Maandag oop vir sosiale spel.

## JAGTERSNUUS



**D**ie toegangspad tot die Leeuwpoot skietbaan was nog altyd moeilik begaanbaar veral as dit reën.

Gevolgtlik moes menige skiet-dae as gevolg hiervan afgestel word met verstaanbare frustrasie vir van die lede.

Oor baie jare heen is daar baie gepraat en planne beraam, maar uitvoering het ontbreek, grootliks as gevolg van die koste faktor.

Gedurende die laaste twee weke, tussen al die reën deur het die Van Niekerks, Koos Jnr en Koos Snr besluit daar is nou genoeg gepraat.

Hulle het ingespring en met hulle eie toerusting, trekkers en implemente en op eie koste die pad opgevolg en herbou. In die proses is daar baie tonne grond

geskuif. Die resultaat is daar vir almal om te sien.

Die klub en al sy lede is hulle groot dank verskuldig vir hierdie grootste poging.

Gedurende Desember 2017 is die hele skietbaan ook nuut omhein en is daar nege afdakke by die skietpunte opgerig en 'n verdere gedeelte van die groot lapa is ook toegemaak.

Buffalo Valley Spur se windkous, 'n skenking van Jacques van Royen help die dames en manne nou ook om die windrigting beter te bepaal.

Daar word vertrou dat met die jagseisoen op hande, lede die verbeteringe wat aangebring is sal geniet en 'n groot sukses van skietdae sal maak.



Op die foto bo Koos Van Niekerk Jnr besig met die toegangspad na Leeuwpoot skietbaan.



## BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 3 APRIL 2018**

KLERKSDORP Weeklikse veiling.  
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.  
Kontak Hannes Prinsloo 083 274 1935

**DONDERDAG - 5 APRIL 2018**

FRANKFORT Weeklikse veiling.  
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling.  
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

**VRYDAG - 6 APRIL 2018**

STANDERTON Weeklikse veiling.  
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling.  
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 7 APRIL 2018**

BLOEMFONTEIN : 2de SA ILE DE FRANCE PRODUKSIEVEILING  
50 Geregistreerde ramme, 40 geregistreerde oole & 100 kommersiële oole  
11:00, Bloemfontein skougronde  
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za  
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07  
Posbus 220, Frankfort, 9830  
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317  
e-pos: frankfort@bkbouwid.co.za



**A GOOD DEAL MORE**  
to share this Easter

tgif thank goodness it's freshline

|  |   |  |  |
|--|---|--|--|
| <p><b>freshline</b><br/>Dark and White Choc Layered Cake, Death by Chocolate Sponge Cake or Black Forest Cake</p> <p><b>69<sup>99</sup></b> EACH</p> | <p><b>freshline</b><br/>Chocolate Speckled Egg Mini Cupcakes 9's</p> <p><b>32<sup>99</sup></b> PER PACK</p> | <p><b>freshline</b><br/>Roosterkoek 6's</p> <p><b>14<sup>99</sup></b> PER PACK</p>   | <p><b>freshline</b><br/>Garlic Bread</p> <p><b>17<sup>99</sup></b> EACH</p>  |
| <p><b>freshline</b><br/>Red or Golden Delicious Apples 1.5kg</p> <p><b>18<sup>99</sup></b> PER BAG</p>   | <p><b>freshline</b><br/>White Button Mushrooms 250g</p> <p><b>17<sup>99</sup></b> PER PUNNET</p>            | <p><b>freshline</b><br/>Sweet Potatoes 1kg</p> <p><b>14<sup>99</sup></b> PER BAG</p> | <p><b>freshline</b><br/>Veg Combo: Onions 3kg, Butternut 3kg and Potatoes 4kg</p> <p><b>100<sup>00</sup></b> PER COMBO</p> |

Specials available at SPAR, SUPERSPAR and KWIKSPAR stores (excluding the SPAR Express Stores) up to and including 1 April 2018, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Not available in KwaZulu-Natal, Lowveld, Eastern and Western Cape. No traders please. Prices include VAT.